higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5

11 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	H
	1.1.2	J
	1.1.3	K
	1.1.4	I
	1.1.5	L
	1.1.6	B
	1.1.7	G
	1.1.8	A
	1.1.9	C
	1.1.10	F

(10 × 2) (20)

1.2	1.2.1	Onwaar
	1.2.2	Onwaar
	1.2.3	Onwaar
	1.2.4	Onwaar
	1.2.5	Waar
	1.2.6	Onwaar
	1.2.7	Onwaar
	1.2.8	Waar
	1.2.9	Waar
	1.2.10	Onwaar

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

VRAAG 2

2.1
- Die kommissie word deur die president en die kabinet aangestel.
- Hulle is nie amptenare of politieke ampsdraers nie.
- Hulle is nie partydig nie en regverdig teenoor die saak wat hulle moet ondersoek – gelyke behandeling.
- Die voorsitter moet ’n welbekende persoon wees, byvoorbeeld die Waarheids- en Versoeningskommissie – aartsbiskop Tutu, staatskaping-advokaat Zondo.
- Ander lede moet ook deeglike kennis van die betrokke saak hê.
- Dit kan eers aanbevelings maak ná ’n deeglike ondersoek.
- Die ministers en kabinet sal ’n finale besluit oor die aanbevelings moet maak. (Enige relevante 5 × 2) (10)

2.2
- Dit is altyd die hoogste beleidsvlak in die publieke sektor.
- Politieke partye werk nou met die gemeenskappe saam en weet wat hul behoeftes is.
- Alle politieke partye vergader een keer ’n jaar om spesifieke kwessies te bespreek wat belangrik is vir beleidsvorming.
- Elke politieke party stel hul punte van hoe hulle die land wil regeer, bekend.
- As die leidende party die kwessies aanvaar, sal dit die beleid van daardie party en deel van die staatsbeleid van die dag word.
- Hierdie doelwitte word deur die Parlement as wetsontwerpe goedgekeur.
- Politieke beleide moet realisties/prakties/billik en op feite en kennis gebaseer wees.
- Dit moet op hoogte bly van geleenthede en probleme in gemeenskappe.

(Enige relevante 5 × 2) (10)

2.3 Stigtingsvoorwaardes✓✓✓
- Elke publieke instansie het sy eie doelwit, byvoorbeeld, die Departement van Waterwese✓✓ het ander behoeftes as die Departement van Onderwys.✓✓
- Geen departement het die reg om in ’n ander department se sake in te meng nie.✓✓ (Enige 5)

Finansiële middele✓✓✓
- Instansies het die nodige fondse nodig om doeltreffend sake te kan doen.✓✓
- Doelwitte moet bekostigbaar en realisties wees.✓✓ (Enige 5)

Personeelvermoëns✓✓✓
- Personeel wat aangestel word moet die regte kwalifikasies hê om die werk te doen.✓✓
- As ’n beleid meer gekwalifiseerde persone vereis om die werk te doen, moet ’n versoek ingedien word vir bykomende fondse.✓✓ (Enige 5)

Fisiese fasiliteite✓✓✓
- Publieke instansies moet fasiliteite soos kantore, meubels, voertuie, ensovoorts hê.✓✓
- As meer fasiliteite nodig is, moet ’n versoek ingedien word vir bykomende fondse.✓✓ (Enige 5)

(4 × 5) (20)
[40]

VRAAG 3

3.1
- Bevoegdheid en die opleiding van werkers sal bepaal hoeveel deur ’n toesighouer bestuur sal kan word
- Graad van interaksie en intensiteit en kwaliteit: toesighouer en werkers
- Mate waarin ’n toesighouer hul volle aandag kan gee en nie deur onderbrekings en ander werksladings beïnvloed word nie
- Die aard van die werk waaroor hulle toesig hou – makliker om soortgelyke tipes of diverse tipes werk te beheer
- Die mate waarin die werk gestandaardiseer kan word: Vervang deur modern tegnologie
- Die moeilikheidsgraad: Konstante aandag wat die werk verg

(Enige relevante 5 × 2) (10)

3.2
- Die staatsbeleid moet opgestel word.
- Geografie en demografie speel ’n rol in die ligging van ’n gesentraliseerde kantoor.
- Neem in ag waar werkers sal wil werk.
- Die beskikbaarheid van dienste en geskikte verblyf en fasiliteite.

(Enige relevante 5 × 2) (10)

3.3 3.3.1 Die mandaat
- Verwys na pligte en gesag wat deur middel van wetgewing aan ’n ondergeskikte toegewys word✓✓
- Gewoonlik van ’n bestuurder (hoër vlak) na ’n ondergeskikte (laer vlak)✓✓ (4)

3.3.2 Die dekonsentrasiebeginsel
- Die bestuurder het steeds die finale sê nadat pligte gedelegeer is.✓✓
- Amptenare mag namens hulle dokumente teken, maar hulle bly verantwoordelik en aanspreeklik vir die uitkoms van die gedelegeerde plig.✓✓ (4)

3.3.3 Desentralisasie van funksies
- Instansies word in afsonderlike bestuurseenhede verdeel.✓✓
- Hulle word onafhanklik in hul funksies, gesag, verantwoordelikhede en diskresie bedryf.✓✓ (4)

3.4
- Senior bestuur het tyd om op strategie te fokus.✓✓
- Personeel is meer gemotiveerd as gevolg van meer opleiding en beter loopbaangeleenthede.✓✓
- Beter besluite word op plaaslike vlak geneem as gevolg van plaaslike kundigheid.✓✓
- Reaksies is vinniger as gevolg van ’n korter bevelsorde.✓✓ (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Om te identifiseer en bepaal watter dienste deur hul departement gelewer sal word
- Om beheer uit te oefen oor die begroting van hul afdeling en seker te maak die begroting word nie oorskry nie
- Om die mees doeltreffende en kostedoeltreffende manier te bepaal om dienste te lewer
- Om uitgawe- en begrotingsprogramme by die Departement van Staatsbesteding in te dien, saam met voorlegging vir die toepaslikheid van die nodige fondse
- Om die korrektheid van die rekeningkundige rekords onder hul beheer te sertifiseer
- Om jaarliks op alle navrae van die ouditeur-generaal en die Departement van Finansies te reageer
- Om enige finansiële onreëlmatighede in hul afdeling by die Departement van Staatsbesteding en die ouditeur-generaal aan te meld

(Enige relevante 5 × 2) (10)

4.2
- Die gebruik van begrotingsfondse kan nie sonder die nodige magtiging oorskry word nie.
- Goedgekeurde fondse is net vir ’n spesifieke finansiële jaar geldig. Dit beteken dat gelde wat vir ’n spesifieke jaar toegewys is, nie vir ander doeleindes oorgeplaas kan word nie.
- Geld kan net gebruik word vir die doel waarvoor dit aangevra is.
- Alle inkomste wat ontvang is, val onder die beheer van die staatspresident.
- Alle finansiële voorleggings moet deur die staatspresident aanbeveel word voor dit aan die Parlement voorgelê word. (5 × 2) (10)

4.3 Programbegroting✓✓
- Die doelwitte wat nagekom moet word, is uiteengesit en die fondse is aangevra.✓✓
- Programbegroting is op die sentrale regeringsvlak in Suid-Afrika bekendgestel.✓✓
- Dit is makliker om te bestuur as die doelwitte bereik is.✓✓

Itembegroting✓✓
- Dit dui aan hoeveel geld op spesifieke goedere en dienste bestee moet word om vaste doelwitte te bereik.✓✓
- Doelwitte van die instansie word nie gewys nie.✓✓ (4 × 2) (8)

4.4
- Parlement
- Nasionale Vergadering Staande Komitee oor Publieke Rekenings
- Departement van die Nasionale Tesourie
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank
- Rekenpligtige amptenare
- Departementele rekeningkundiges
- Die ouditeur-generaal (Enige 6 × 2) (12)

[40]

VRAAG 5

5.1
- In enige organisasie sal daar mense met griewe wees, of daar werklike redes daarvoor is of nie.
- Die amptenaar moet eers hul direkte toesighouer inlig om die aard van die grief te bespreek.
- Die toesighouer kan hulle na ’n selfs hoër amptenaar verwys.
- Die verontwaardige amptenaar kan herhaaldelik deur dieselfde proses gaan, en uiteindelik hul saak aan die hoofamptenaar van hul afdeling voorlê.
- As die amptenaar steeds nie met die besluit tevrede is nie, kan hulle by die sentrale personeelinstansie of die politieke ampsdraer in beheer appelleer.

(5 × 2) (10)

5.2
- Hulle moet formeel aan hul nuwe kollegas bekendgestel word.
- Hulle moet formeel in hul nuwe omgewing georiënteer word.
- Toesighouers moet vir nuwe werknemers ’n oriënteringsprogram voorberei.
- Die nuwe werknemer moet bewus gemaak word van al die rëels en regulasies wat hulle op enige manier kan raak.
- Enige meubels en toerusting wat hulle dalk nodig het om hul werk te doen, moet verskaf word.
- Hulle moet voel dat hulle nodig is. (Enige 5 × 2) (10)

5.3
- Posvasstellingsrekords (Rekords van werklike poste)
- Rekords van poste wat gevul is of vakatures
- Verlofrekords
- Rekords van kandidate wat werk soek
- Aftrederekords
- Korrespondensielêers
- Persoonlike lêers vir die individuele amptenare
- Relevante wette, regulasies, produksiehandleidings, kodes, omsendbriewe, notules of ander sulke instruksies (Enige relevante 5 × 2) (10)

5.4
- Regverdig
- Duidelik
- Omvattend
- Doeltreffend
- Elasties (5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou